



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

HATFIELD 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

18 Februarie 2015

PERSVRYSTELLING DEUR DIE MODERATUUR VAN DIE ALGEMENE SINODE

DIE STAND VAN DIE NASIE

Met die Staatsrede (*State of the Nation Address*) van die Suid-Afrikaanse President, mnr Jacob Zuma, op Donderdag 12 Februarie 2015, het ons land waarskynlik sy heel diepste laagtepunt in die bestaan van die jong demokrasie beleef.

In die Staatsrede en die gebeure van die 12de was die ononderhandelbare waardes (vir ons as kerk ook die Bybelse waardes) van geregtigheid, menswaardigheid en versoening in gedrang.

Die President het die landwye gebrekkige dienslewering wat mense se lewens onmoontlik maak en tot groot onrus en geweld gelei het, geïgnoreer. Die gewelddadige aanvalle teen buitelanders is nie bespreek nie. Die krete uit die samelewing oor die onderwys is gesmoor met stilte daarvoor. Die toenemende geweld deur en krisis in die SAPD, wat ons mense moet beskerm, was nie op die radarskerm nie. Daar was geen geluid van omgee nie.

Die grootste probleem met die toespraak, egter, het te doen gehad met die feit dat die President self – en daarom ook per implikasie die regering (en sy party wat dit al oor jare duld) – nie onbesproke in integriteit voor die nasie gestaan het nie. Geen regeringsvorm of finansiële beleid kan tot goeie resultate bestuur word as die bestuurders daarvan self korrup en onbevoeg is nie.

Die geweld en chaos met die aanvang van die Staatsrede moet daarom in die lig hiervan gesien word. Die EFF se optrede word nie hiermee goedgepraat nie. Ook nie die feit dat ander partye die byeenkoms verlaat het nie. Wat egter begryp moet word, is dat die President en regering se eie optredes en bestuur, hulle ooglopende gebrek aan insig in die lotgevalle van miljoene in ons land, hulle argeloosheid met die waardes van die grondwet, geboorte gee aan hierdie soort van optrede - of dan ten minste die verskoning in die hand werp om tot wetteloosheid en geweld oor te gaan.

Die NG Kerk wil baie ernstig oor die gebeure Donderdagaand en die Staatsrede vra: Watter geregtigheid is daar as bona fide vrae nie deur die regering in die Parlement beantwoord word nie? Watter geregtigheid is daar wanneer dienslewering aan die mense van ons land 'n laagtepunt bereik het? Watter geregtigheid is daar wanneer vryheid van spraak en kommunikasie geblokkeer word? En watter geregtigheid is daar wanneer die president van die land alle maatreëls om hom verantwoordbaar te hou vir sy optrede uit die weg haal? Waar geregtigheid sneuwel, kom anargie tot lewe. Dit het ons Donderdagaand in die Parlement gesien. Ons wil verder vra: Watter versoening is daar sonder geregtigheid? Watter menswaardigheid is daar as gemeenskappe dae sonder water moet wees? Watter menswaardigheid is daar indien daar na 20 jaar nog

skole is sonder sanitasie, water of biblioteke – is ons kinders nie *mense* aan wie God waardigheid toegeken het nie?

Die President en sy regering moet aanspreeklik gehou word vir die oplaaiende spanning in die land en bedreiging van die sekuriteit van al sy inwoners. Wat in hierdie land besig is om te gebeur, is die pleging van onreg teenoor en die vertrapping van die menswaardigheid van die Suid-Afrikaanse nasie.

Indien dit hier sou gaan oor die stand van die nasie (*State of the Nation*), sou mens dalk kon sê dat dit ondanks alles verbasend goed gaan met die nasie. Die mate waarin die SA-bevolking verdraagsaam is teenoor die regering vir ooglopende en blatante foute wat gemaak word, is werklik lofwaardig. Dit spreek boekdele van soveel onderliggende goedgesindheid in ons samelewing tussen mense van alle godsdienste, kulture en ekonomiese stand.

As dit egter gaan oor 'n demonstrasie van die stand van regering (of die stand van die President), is die prentjie droewig en werklik nie meer iets om op trots te wees nie. Ons is in die moeilikheid.

Namens die Moderatuur

A handwritten signature in black ink that reads "Korus Gerber". The signature is written in a cursive, slightly slanted style.

Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris: NG Kerk

Selfoon: 0828955680